

Plagiaatprosedures vir die Ingenieursfakulteit van die Universiteit Stellenbosch

3 November 2017¹

Inhoudsopgawe

1	Konteksstelling	1
2	Definisies	1
3	Beginsels.....	2
4	Vertroulikheid	3
5	Fakulteitsprosedures om plagiaat te ontmoedig.....	4
5.1	Departementele prosedures	4
5.2	Plagiaatverklarings.....	4
5.3	Gebruik van Turnitin-fasiliteite.....	4
5.4	Zero verdraagsaamheid	4
5.5	Alle vorme van kommunikasie is ingesluit.....	5
5.6	Outeur van die bronteks.....	5
6	Fakulteitsprosedures vir minder ernstige gevalle.....	5
7	Fakulteitsprosedures vir meer ernstige gevalle.....	8
8	Fakulteitsprosedures vir nagraadse en navorsingskontekste.....	9
8.1	Voor indiening vir eksaminering.....	9
8.2	Prosedure wanneer plagiaat gevind word voor indiening vir eksaminering	10
8.3	Na indiening vir eksaminering	11
9	Fakulteitsprosedures met betrekking op personeel, navorsers of navorsingsgroepe.....	11
10	Situasies nie hierbo voorsien nie	11
11	Appèlproses	11
	Bylae A: Plagiaatverklaring	12
	Bylae B: Templaat vir e-pos aan student in minder ernstige gevalle	13
	B.1 Sonder om die aanmeldingsvorm in Bylae C aan te heg	13
	B.2 Saam met 'n aangehegte voltooide aanmeldingsvorm aan te heg	15
	Bylae C: Templaat vir verslag aan Regsdienste.....	17

¹ Goedgekeur deur die Fakulteitsraad op 3 November 2017.

1 Konteksstelling

Hierdie prosedures moet saamgelees word met die "Plagiaatbeleid" (**US Beleid**) en die "Universiteit Stellenbosch prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat" (**US Prosedures**), met aanvangsdatum 1 Desember 2016. Frases in skuinsdruk in die Fakulteit se prosedures is woordeliks geneem uit die US Beleid of die US-prosedures.

Hierdie dokument beskryf die fakulteit-spesifieke implementering van die US Beleid en US Prosedures, in die besonder: *Minder ernstige gevalle, soos bepaal volgens die faktore beskryf in die Beleid, word waar van toepassing, op departementele of fakulteitsvlak hanteer volgens interne fakulteitsprosesse wat deur die Dekaan of Fakulteitsraad goedgekeur moet word en op skrif gestel word vir rapporteringsdoeleindes* [US Prosedures Afdeling 5.1.2].

2 Definisies

Die volgende definisies is geneem uit die US Beleid of US Prosedures:

Akademie aktiwiteit: [US Beleid Afdeling 3.1] *Enige aktiwiteit wat bydra tot of deel vorm van die breë akademiese projek van die Universiteit. Dit sluit alle aktiwiteite in leer en onderrig, navorsing, skryf en publiseer en gemeenskapsinteraksie in.*

Blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) van die persoon wat plagiaat gepleeg het: [US Beleid Afdeling 7.1] *Het die persoon doelbewus (opsetlik) plagiaat gepleeg, of onder omstandighede wat daarop dui dat hy/sy redelikerwys bewus moes wees van die plagiaat (nalatigheid)? Die mate van blaamwaardigheid (opsetlik of nalatig) moet bepaal word om 'n bevinding van plagiaat te maak. Om te bepaal of die plagiaat met opset of die gevolg van nalatigheid was, moet alle omstandighede in ag geneem word, insluitend, maar nie beperk tot die volgende nie:*

- *Die omvang van die plagiaat: Hoeveel van die werk gelewer vir 'n akademiese aktiwiteit behels plagiaat, in verhouding tot die deel van die werk wat as eie intellektuele bydrae beskou kan word? Is die plagiaat vervat in die werk so wyd dat dit onmoontlik is om te bepaal watter deel eie intellektuele bydrae uitmaak?*
- *Die belangrikheid van die akademiese aktiwiteit: Het die beweerde plagiaat in 'n klein opdrag, 'n finale tesis of 'n artikel ingedien vir publikasie, voorgekom?*
- *Nadeligheid van die plagiaat: Die omvang van die skade wat die plagiaat veroorsaak het of kan veroorsaak aan die reputasie van persone en die instelling, met inagneming van al die omstandighede, insluitend senioriteit van die persoon wat die plagiaat gepleeg het, die relevante akademiese aktiwiteit en die omvang van die plagiaat.*
- *Herhaalde oortredings van plagiaat.*

Erkenning: [US Beleid Afdeling 3.2] *Verwysings wat die bron van reeds uitgedrukte idees of gepubliseerde materiaal en die besonderhede van die publikasie aandui.*

Klaer: [US Prosedures Afdeling 3.2] *Enige persoon wat bewerings maak en/of bekendmakings oor plagiaat doen.*

Meer ernstige gevalle: [US Prosedures Afdeling 5.1.3 voetnoot 3] *Kan insluit herhaalde oortreders, breedvoerige bewys van plagiaat in 'n belangrike stuk werk soos 'n tesis, nagraadse studente (veral Meesters of Doktorale studente), akademiese personeel, bewys van growwe nalatigheid of blatante intensie (opsetlik), ens.*

Minder ernstige gevalle: [US Prosedures Afdeling 5.1.2 voetnoot 1] *Kan insluit eerste oortreders, meer junior studente, beperkte omvang van plagiaat en nalatigheid eerder as blatante intensie (opsetlik).*

Plagiaat: [US Beleid Afdeling 3.5] *Die gebruik van ander se idees of materiaal sonder erkenning, of die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen geëvalueerde werk of gepubliseerde materiaal sonder erkenning (selfplagiaat).*

Respondent: [US Prosedures Afdeling 3.5] *'n Persoon/persone teen wie bewerings of bekendmakings van plagiaat gemaak is, met inbegrip van studente (voorgraads, nagraads of besoekend), nadoktorale genote en werknemers (tydelik of permanent) van die US, asook enige persoon wie se tesis en/of akademiese artikels en/of geskrewe werk ... onder die naam van die US gepubliseer is en onder die US se naam gepubliseer bly.*

Selfplagiaat: [US Beleid Afdeling 3.6] *Die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal sonder erkenning of bekendmaking. [US Prosedures Afdeling 5.1.12] Onder sekere omstandighede kan 'n student egter met reg baie soortgelyke stukke werk indien vir assessering, byvoorbeeld wanneer dieselfde vraag in beide 'n werkstuk en 'n daaropvolgende eksamen verskyn. Dosente moet elke geval volgens meriete beoordeel voordat 'n aantyging van self-plagiaat gemaak word.*

3 Beginsels

Die Fakulteit onderskryf al die beginsel gegee in US Beleid en US Prosedures en, vir die doeleindes van hierdie dokument, beklemtoon die volgende beginsels en voorskrifte:

- a) *Bewerings van plagiaat is 'n ernstige kwessie, daarom moet die ondersoek daarvan in ooreenstemming met die hoogste standarde van integriteit, akkuraatheid en regverdigheid, geskied. [US Prosedures Afdeling 1.2]*
- b) *Alle gevalle van plagiaat moet konsekwent hanteer word volgens vasgestelde prosesse op departementele, fakulteits- of sentrale bestuursvlak. [US Beleid Afdeling 6.4]*
- c) *Die bestuur van bewerings van plagiaat moet gepas wees vir die akademiese status van die lid en die akademiese omgewing waarin die*

beweerde plagiaat gepleeg is. Die US se beleidsbenadering word dus gebaseer op die ontwikkeling en kweek van 'n bewustheid van plagiaat en die gevolge daarvan, veral in die geval van voorgraadse studente en met inagnam van die US Leer- en Onderrigbeleid. Dit beteken dat eerste junior oortreders soos eerstejaar studente anders hanteer sal word as herhaalde of meer senior oortreders. [US Beleid Afdeling 8]

- d) *Departemente en Fakulteite is verantwoordelik om prosesse te ontwerp vir die bespeuring, rapportering en ondersoek van bewerings van plagiaat wat voldoen aan die Universiteit se oorhoofse Beleid en Prosedure. Sodanige prosesse kan 'n interne memo met die volgende informasie insluit: Informasie oor die gebruik van Turnitin (of soortgelyke programmatuur) binne 'n spesifieke omgewing; identifisering van persone in 'n departement wat verantwoordelik is om bewerings van plagiaat te ontvang; en maatreëls vir die hantering van verdere ondersoeke. [US Beleid Afdeling 9.5]*

4 Vertroulikheid

- a) *Alle fasette van die ondersoek moet vertroulik gehou word, d.w.s. slegs bekendgemaak word aan diegene wat direk betrokke is by die rapportering en ondersoek van die saak soos beskryf in Afdeling 4(c) van die Fakulteit se prosedures. [US Prosedures Afdeling 4.2.1]*
- b) *Die Klaer se identiteit mag slegs aan die Respondent bekendgemaak word indien hy/sy skriftelik of mondelings tydens die ondersoekproses daartoe ingestem het. In gevalle waar die Klaer die Respondent se dosent of studieleier is, sal sy/haar identiteit voor die hand liggend wees. [US Prosedures Afdeling 4.2.2]*
- c) *Die Respondent se identiteit mag nie bekendgemaak word voordat daar formeel bevind is dat hy/sy aan plagiaat skuldig is nie, tensy die Respondent skriftelik daartoe ingestem het, en met dien verstande dat die Respondent se identiteit aan alle toepaslike rolspelers in die ondersoekproses bekend gemaak word, met inbegrip van die Departementele Voorsitter, die Dekaan, die NIB, die Direkteur: Regsdienste, die Bestuurder: Studentedissipline, die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies en/of Leer en Onderrig) en persone formeel afgevaardig om sodanige kwessies te hanteer. [US Prosedures Afdeling 4.2.3]*
- d) *Indien die handhawing van volkome vertroulikheid van die Klaer/Respondent se identiteit deur die hele proses nie redelikerwys moontlik is nie, moet die Klaer skriftelik hiervan in kennis gestel word as en wanneer so 'n fase in die ondersoekproses bereik word. [US Prosedures Afdeling 4.2.4]*

5 Fakulteitsprosedures om plagiaat te ontmoedig

5.1 Departementele prosedures

Departemente mag prosedures invoer, wat voldoen aan die US Beleid en US Prosedures, bo-en-behalwe wat in hierdie afdeling gegee word. Die departementele prosedures moet aan die studente bekendgemaak word, byvoorbeeld deur module-raamwerke.

5.2 Plagiaatverklarings

Die Fakulteit vereis dat studente 'n ondertekende plagiaatverklaring (soortgelyk aan die een in Bylae A) ingee met

- a) Alle summatiewe assesserings (behalwe daardie wat onder die toesig van personeel voltooi word, soos toetse), insluitend nagraadse werkstukke; en
- b) Formatiwew assesserings, wanneer vereis deur doserende personeel.

Let daarop dat die prosedures van toepassing op nagraadse tesse en verhandelings in Afdeling 8 gegee word.

Ondanks hierdie vereiste vir plagiaatverklarings, is studente wat werk indien sonder sodanige geskrewe verklaring, geensins kwytgeskeld van die verantwoordelikheid m.b.t. plagiaat en om aan die vereistes van hierdie Beleid te voldoen nie. (US Beleid Afdeling 9.1).

5.3 Gebruik van Turnitin-fasiliteite

Die Fakulteit vereis dat, waar redelikergewys uitvoerbaar, studente die volgende by Turnitin (of soortgelyke fasiliteite) vir evaluering indien:

- a) Alle summatiewe assesserings (behalwe daardie wat onder die toesig van personeel voltooi word, soos toetse), insluitend alle geskrewe werk wat vir graaddoeleindes op nagraadse vlak ingedien word; en
- b) Formatiwew assesserings, wanneer vereis deur doserende personeel.

Studente sal toegelaat word om 'n assessering slegs een keer vir Turnitin (of soortgelyk fasiliteit) in te dien, tensy uitdruklik toegelaat om dit meer as een keer in te dien deur die dosent(e) wat vir die assessering verantwoordelik is. Studente sal normaalweg slegs toegelaat word om 'n assessering 'n tweede keer in te dien indien 'n dosent vir die studente op die eerste weergawe terugvoer gegee het en in die normale gang van die module van studente verwag word om 'n verbeterde weergawe van die assessering in te dien.

5.4 Zero verdraagsaamheid

Alle potensiële gevalle van plagiaat wat onder die aandag kom van die personeel betrokke by assesserings word in ooreenstemming met die Fakulteitsprosedures hanteer en geen sulke gevalle sal nie gerapporteer word of deur personeel in 'n ander wyse hanteer word nie.

5.5 Alle vorme van kommunikasie is ingesluit

Die Fakulteit beskou alle vorme van kommunikasie as relevant wat plagiaat betref, insluitend teks, formele en informele ingenieurstekeninge, en rekenaarprogramme.

5.6 Outeur van die bronteks

Indien die outeur van die werk wat geplagieer is, 'n student aan US is mag die outeur verantwoordelik gehou word as medepligtige aan plagiaat indien die outeur die werk aan die Respondent voorsien het of wetens die Respondent toegang tot die werk toegelaat het. Indien die Respondent die werk sonder die outeur se medewete verkry het, sal die outeur nie as medepligtige beskou word nie.

6 Fakulteitsprosedures vir minder ernstige gevalle

Verwys asseblief na die Definisies-afdeling vir 'n beskrywing van wat 'n minder ernstige geval behels.

Hierdie prosesse moet billik wees en in ooreenstemming met die ontwikkelings- en remediërende aanslag beskryf in die Beleid, en moet ideaal gesproke 'n geleentheid bied vir bespreking met die student voordat die saak gefinaliseer en daar op 'n uitkoms besluit word. [US Prosedures Afdeling 5.1.2]

Departemente en fakulteite moet poog om hul ondersoeke so spoedig moontlik af te handel, verkieslik binne twee weke vir ondersoeke wat studente insluit en een maand vir ondersoeke wat personeel insluit [US Prosedures Afdeling 6.1]. Die tydperke waarna in hierdie Prosedure verwys word, mag deur die betrokke Viserektor of sy/haar afgevaardigde of die Direkteur: Regsdienste, verleng word indien hy/sy van mening is dat daar geldige redes is vir sodanige verlenging [US Prosedures Afdeling 6.2].

In ooreenstemming met bogenoemde vereistes, is die Fakulteit se prosedure vir hierdie gevalle:

- a) Die "voorsittende persoon" in die prosedure kan een van die volgende wees (waar "departement" verwys na die tuisdepartement van die module waarin die plagiaat voorgekom het of, indien nie verwant aan 'n module nie, die Klaer se departement):
 - i. 'n Senior akademiese personeellid wat deur die departement se bestuurskomitee, 'n vise-dekaan of die dekaan aangewys is (hierdie opsie word gebruik wanneer die departementele voorsitter die Klaer is);
 - ii. 'n Akademiese personeellid van die vlak senior lektor, of meer senior, aangewys deur die betrokke departementele voorsitter; of
 - iii. Die betrokke departementele voorsitter self.
- b) Die Klaer rapporteer die beweerde geval van plagiaat skriftelik (bv per epos) aan die voorsittende persoon.

- c) Die voorsittende persoon verneem by Afdeling Regsdienste of die Respondent enige vorige plagiaat-oortredings op rekord het². Indien die Respondent sulke oortredings het, word die prosedure vir meer ernstige gevalle gevolg.
- d) Die voorsittende persoon stel die Respondent skriftelik in kennis van die bewering (bv per e-pos of brief) verkieslik binne een week vandat die geskrewe bewering ontvang is (soos vereis deur US Prosedures Afdeling 5.1.6). 'n Templaat vir so 'n e-pos of brief word in Bylae B gegee.

Dieselfde kommunikasie bied aan die Respondent die geleentheid om een van die volgende te kies:

- i. Aanvaar die uitkoms wat in die kommunikasie voorgestel word sonder 'n vergadering (die voorsittende persoon mag besluit of hierdie opsie aangebied word);
- ii. Woon 'n vergadering met die Klaer en die voorsittende persoon by; of
- iii. Laat sy/haar geval verwys na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK).

Die Respondent word ook in kennis gestel dat indien die Respondent *kies om deur 'n regsverteenwoordiger ondersteun te word, sal die saak outomaties na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word*, maar in alle gevalle het die Respondent die reg om *advies of ondersteuning van enigeen van sy/haar keuse in te win*. [US Prosedures Afdeling 4.1.3]

- e) Indien die Respondent kies dat die geval na die SDK verwys word, verkies om deur 'n regsverteenwoordiger ondersteun te word of nie die bogenoemde vergadering bywoon nie, word die geval verder hanteer volgens die prosedure vir meer ernstige gevalle. Andersins word die prosedure verder soos hieronder uiteengesit, gevolg.
- f) By bogenoemde vergadering van die voorsittende persoon, die Klaer en die Respondent, word die Respondent die geleentheid gegee om *sy/haar saak te stel, ... vrae te vra, inligting/bewyse ter verdediging voor te lê, en vrae te stel of punte te lig oor enige inligting wat deur enige getuie gegee is* [US Prosedures Afdelings 4.1.2, 4.1.3]. Daarna verlaat die Respondent die vergadering.
- g) Nadat die Respondent die vergadering verlaat het, poog die voorsittende persoon en die Klaer om 'n konsensus-bevinding, met inbegrip van 'n bepaling van remediërende stappe, te formuleer. Indien hulle nie konsensus kan bereik nie, word die geval na die Dekaan verwys.
- h) Indien bogenoemde vergadering bevind dat die beweerde plagiaat van 'n meer ernstige aard is, word die prosedure vir sulke gevalle verder

² Minder ernstige gevalle word nie op die student se amptelike rekords aangeteken nie, maar Afdeling Regsdienste hou gesentraliseerde rekords van sulke gevalle.

gevolg. Indien die vergadering bevind dat die plagiaat van 'n minder ernstige aard is, word die proses in hierdie afdeling verder gevolg.

- i) Die voorsittende persoon stuur aan die Respondent 'n brief of e-pos. Die brief of e-pos mag die verslag wat na Regsdienste gestuur sou word (templaat in Bylae C), aanheg sodat die besonderhede nie herhaal hoef te word nie). Die korrespondensie moet ten minste die volgende insluit:
 - i. Die bevinding van bogenoemde vergadering;
 - ii. Die gevolge vir die student (dit sal tipies insluit dat 'n punt van nul toegeken word vir die hele assessering waarin die plagiaat gepleeg is, en dat die student nie die geleentheid sal kry om hierdie punt te verbeter nie);
 - iii. Die remediërende opleiding wat voorsien word [US Prosedures Afdeling 5.1.11], byvoorbeeld dat die student 'n opstel verwant aan sy/haar plagiaat moet skryf.
 - iv. Die Respondent inlig dat hy/sy die brief, binne 5 werksdae na ontvangs daarvan, moet onderteken en terugstuur na die voorsittende persoon indien die Respondent die bevinding, gevolge en remediërende opleiding aanvaar.
 - v. Die Respondent inlig dat indien hy/sy in gebreke bly om die brief binne bogenoemde brief te teken en terug te stuur, die geval na die SDK verwys sal word.
- j) Indien die Respondent nie die ondertekende brief binne 5 werksdae terugstuur nie, word die geval na die SDK verwys en die prosedure vir meer ernstige gevalle gevolg. Die voorsittende persoon mag, egter, uitstel gee vir die terugstuur van die ondertekende brief indien die omstandighede dit regverdig, volgens die oordeel van die voorsittende persoon.
- k) Indien die Respondent wel die ondertekende brief binne 5 werksdae terugstuur, word die gevolge geïmplementeer.
- l) Die departement van die voorsittende persoon hou die rekords van die geval vir ten minste 5 jaar [US Prosedures Afdeling 7.2]. Die rekords moet insluit [US Prosedures Afdelings 5.1.9 en 7.3]:
 - i. Die oorspronklike verslag deur die Klaer;
 - ii. Die bevindings van bogenoemde vergadering, met motivering van die besluite geneem;
 - iii. Die brief wat deur die Respondent onderteken is.
- m) Die voorsittende persoon stuur 'n kort verslag wat deur die student onderteken is na die Afdeling Regsdienste (Studente Dissipline) voor die einde van die semester waarin die geval gefinaliseer is [US Prosedures Afdeling 7.4]. 'n Templaat vir die verslag vereis deur Regsdienste word in Bylae B gegee.

7 Fakulteitsprosedures vir meer ernstige gevalle

Let daarop dat in gevalle waarby nagraadse of navorsingskontekste betrokke is, die prosedure in Afdeling 8 eers toegepas word.

Verwys asseblief na die Definisies afdeling vir 'n beskrywing van wat 'n meer ernstige geval behels.

Die Fakulteit se prosedure vir hierdie gevalle is:

- a) Die Klaer rapporteer skriftelik (bv per e-pos) die beweerde geval aan die voorsitter van die Klaer se departement [US Prosedures Afdeling 5.1.4]. Indien die departementele voorsitter die Klaer is, moet 'n ander senior akademiese personeellid (aangewys deur die departement se bestuurskomitee, 'n vise-dekaan of die dekaan) die rol van die departementele voorsitter in hierdie prosedure vervul.
- b) Die voorsitter (of sy/haar gedelegate) en ander persone wat die voorsitter nodig ag (wat nie die Klaer mag insluit nie [US Prosedures Afdeling 5.1.5]) ondersoek die bewering [US Prosedures Afdeling 5.1.7]. Die persone wat die ondersoek doen bepaal *(1) of 'n bevinding van plagiaat bekragtig kan word en (2) wat die erns van die plagiaat is, in ooreenstemming met die faktore gemeld in afdeling 7 van die Beleid* [US Prosedures Afdeling 5.1.8].
- c) Indien die ondersoek aandui dat dit meer gepas is, volgens die diskresie van die voorsitter of bogenoemde gedelegeerder word die geval hanteer volgens die prosedures vir minder ernstige gevalle of vir navorsingskontekste. Andersins word hierdie prosedure verder toegepas.
- d) Die voorsitter stel die Respondent skriftelik in kennis van die bewering (bv per e-pos) verkieslik binne een week van ontvangs van die bewerking [US Prosedures Afdeling 5.1.6]. Dieselfde kommunikasie lig die Respondent in dat die geval na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys word.
- e) Die voorsitter verwys die geval na Afdeling Regsdienste (Studente Dissipline) vir ondersoek ingevolge die Dissiplinêre Kode vir Studente en reël die nodige ondersteuning van die Fakulteit om die ondersoek te ondersteun [US Prosedures Afdeling 5.1.3].
- f) *In 'n geval waar die SDK bevind dat 'n saak wat na hulle en Afdeling Regsdienste verwys is, eintlik toepaslik op departementele en fakulteitsvlak hanteer kon word, behou die SDK jurisdiksie en kan, op eie diskresie, die saak terugverwys na die Departement/Fakulteit, of die saak afhandel en die finale uitslag bepaal.* [US Prosedures Afdeling 5.1.10].
- g) Die departement van die voorsitter hou die rekords vir die geval vir ten minste 5 jaar [US Prosedures Afdeling 7.2]. Die rekords moet insluit [US Prosedures Afdelings 5.1.9 en 7.3]:
 - i. Die oorspronklike verslag van die Klaer;

- ii. Die kennisgewing wat na die Respondent gestuur is;
- iii. Rekord van die verwysing na Studente Dissipline.

8 Fakulteitsprosedures vir nagraadse en navorsingskontekste

Wanneer plagiaat in nagraadse modules teëgekomp word, word Afdelings 5, 6 en 7 van die Fakulteitsprosedures toegepas. Hierdie afdeling is net van toepassing op navorsingskontekste.

In hierdie afdeling verwys "tesis" ook na proefskrifte of ander navorsingsopdragte, "studieleier" na die betrokke nagraadse student se navorsing-studieleier(s) of mede-studieleier(s), "departement" verwys na die betrokke student se tuisdepartement en "Turnitin" mag vervang word met ander soortgelyke fasiliteite.

8.1 Voor indiening vir eksaminering

Die Fakulteitsprosedures vir die voorkoming van plagiaat voordat die tesis ingedien word vir eksaminering (soos vereis deur US Beleid Afdeling 9.3), is die volgende:

- a) Ondanks hierdie prosedures, lê die verantwoordelikheid om plagiaat te voorkom en om aan die vereistes van die Beleid te voldoen by die student of navorser, wat aanspreeklik gehou sal word sou die werk plagiaat bevat of versuim om aan die vereiste standaarde van etiese gedrag te voldoen [US Beleid Afdeling 9.3].
- b) Indien die studieleier ter enige tyd 'n aanduiding vind dat die student navorsingsresultate vervals het, die werk van ander navorsers (insluitend oorsig-artikels) gebruik het sonder om die bron te erken, of ander soortgelyke oortredings begaan het, word die US se "Prosedure vir die ondersoek van bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde" gebruik eerder as hierdie prosedure, tensy daar goeie rede is om dit nie te doen nie.
- c) In situasies waar 'n studieleier tesisvoorstelle, navorsingartikels, rofskrifte van tesse of ander soortgelyke dokumente waartoe 'n student as outeur bygedra het, nagaan en 'n aanduiding vind dat die student plagiaat gepleeg het anders as wat in die vorige paragraaf na verwys word (bv onopsetlike plagiaat deur onvoldoende of onvanpaste verwysings; die studieleier mag Turnitin vir hierdie doel gebruik of op sy/haar kennis van die relevante literatuur vertrou), bespreek die studieleier die nodige regstellings met die student en gee die student ten minste een geleentheid om die dokument reg te stel. Indien die student volhou met die plagiaat ten spyte van die leiding van die studieleier, word die volgende verslagprosedure gevolg:
 - i. Voor die student sy/haar tesis indien vir eksaminering, behalwe vir dokumente wat as konfidensieel geklassifiseer is volgens die

normale prosedures van die Fakulteit, reël die studieleier dat die tesis ingedien word by Turnitin en gee die student die geleentheid om die tesis te verbeter, indien gepas.

- ii. *Die student en studieleier moet saamstem dat die Turnitin of soortgelyke verslag aanvaarbaar is* [US Beleid Afdeling 9.3] voordat die tesis vir eksaminering ingedien word. Die studieleier bepaal in oorleg met die nagraadse koördineerder, met inagneming van die konteks van die student se werk, wat 'n redelike drempel is vir die ooreenkoms-indeks ("similarity index").
 - iii. Indien die student en studieleier nie saamstem nie, moet die student een geleentheid gegee word om die dokument te hersien voor die evaluering met Turnitin herhaal word.
 - iv. Indien die ooreenkoms steeds nie vir die studieleier aanvaarbaar is nie na die geleentheid om die dokument te hersien, dien die studieleier 'n klagte in volgens hierdie prosedures.
 - v. Indien die student en studieleier saamstem dat die Turnitin verslag aanvaarbaar is, word dit aan die nagraadse koördineerder gekommunikeer op 'n wyse wat deur die departement voorgeskryf word.
- d) Wanneer 'n student sy/haar tesis vir eksaminering indien by die departement se nagraadse administrateur, moet die dokument die normale plagiaatverklaring bevat wat verklaar dat die werk wat aangebied word die student se eie werk is (soos gegee in die Jaarboek Deel 1). Die student moet die verklaring onderteken, óf op 'n papierkopie óf elektronies in 'n PDF of soortgelyke kopie.
- e) In die geval van 'n tesis wat as konfidensieel geklassifiseer is volgens die normale prosedures van die Fakulteit, is die studieleier verantwoordelik om te bepaal of die dokument plagiaat bevat, in oorleg met die nagraadse koördineerder. Indien die studieleier plagiaat vind, word die relevante prosedure hierbo beskryf, gevolg.

8.2 Prosedure wanneer plagiaat gevind word voor indiening vir eksaminering

Die Fakulteit se prosedure wanneer plagiaat in navorsingsopdragte, tesisse en proefskrifte gevind word, is:

- a) Studieleiers moet alle vermoedelike gevalle van plagiaat aan hul departementele voorsitter of sy/haar gedelegeerde rapporteer. Indien die departementele voorsitter die Klaer is, vervul 'n ander senior akademiese personeellid (aangestel deur die departement se bestuurskomitee, 'n vise-dekaan of die Dekaan) die rol van die departementele voorsitter in hierdie prosedure.
- b) Die departementele voorsitter of sy/haar gedelegeerde assessee die ernstigheid van die geval. Die geval word dienooreenkomstig verder

hanteer, volgens die Fakulteit se prosedures vir meer of minder ernstige gevalle.

8.3 Na indiening vir eksaminering

Nadat 'n tesis vir eksaminering ingedien is, geld die volgende prosedures:

- a) *Wanneer 'n bewering van plagiaat deur die eksaminator van 'n nagraadse navorsingsopdrag of tesis gemaak word, moet die eksamineringsproses dadelik gestaak word totdat die ondersoek, soos beskryf in US Prosedures Afdeling 5.2.2, voltooi is. [US Prosedures Afdeling 5.2.2]*
- b) Indien bewerings van plagiaat gemaak word nadat die student die eksamineringsproses geslaag het en sy/haar tesis op SUNScholar gelaai is (en dus in die publieke domein is), word die stappe uiteengesit in US Prosedures Afdeling 5.2.3 gevolg.

9 Fakulteitsprosedures met betrekking op personeel, navorsers of navorsingsgroepe

Vir hierdie gevalle gebruik die Fakulteit die prosedure gegee in US Prosedures Afdeling 5.3.

10 Situasies nie hierbo voorsien nie

In gevalle waarvoor nie elders in die Fakulteit se prosedures voorsiening gemaak is nie, volg die Klaer 'n prosedure wat deur die Dean goedgekeur is en doen verslag oor die prosedure aan die Fakulteitsraad by sy volgende vergadering.

11 Appèlproses

Verwys na die US Prosedures Afdeling 8.

Bylae A: Plagiaatverklaring

Die verklaring hieronder is 'n uitbreiding van die een wat in Afdeling 11 van die US Beleid gegee word.

- Ek het die Stellenbosch Universiteit Plagiaatbeleid gelees en verstaan, sowel as die definisies van plagiaat en selfplagiaat soos beskryf in die Beleid [Plagiaat: Die gebruik van ander se idees of materiaal sonder erkenning, of die hergebruik van 'n persoon se eie voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal sonder erkenning of 'n aanduiding daarvan (selfplagiaat of tekshergebruik)].
- Ek verstaan ook dat direkte vertalings plagiaat is, tensy vergesel deur 'n gepaste erkenning van die bron. Ek verstaan ook dat woordelike aanhalings wat nie uitdruklik as sodanig aangedui is nie, plagiaat is.
- Ek weet dat plagiaat 'n strafbare oortreding is en verwys mag word na die Universiteit se Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) wat die gesag het om my uit die universiteit te skors vir so 'n oortreding.
- Ek weet dat plagiaat skadelik is vir die akademiese omgewing en dat dit negatiewe impak het op enige professie.
- Dienooreenkomstig is alle aanhalings en bydraes vanuit enige bron (ingesluit die internet) volledig verwys (erken); verder, alle woordelike aanhalings is uitdruklik as sodanig aangedui (bv met aanhalingstekens) en die bronne is volledig erken.
- Ek verklaar dat, behalwe waar die bron aangehaal word, die werk in hierdie skryfstuk vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore (in die geheel of gedeeltelik) ingehandig het vir bepunting in hierdie module/werkstuk of 'n ander module/werkstuk nie.

Bylae B: Templaat vir e-pos aan student in minder ernstige gevalle

B.1 Sonder om die aanmeldingsvorm in Bylae C aan te heg

Datum

Beste student

Jy word verdink van plagiaat in die volgende situasie:

- Student se naam en studentenommer:
- Module:
- Module se tuisdepartement:
- Persoon wat die beweerde plagiaat aangemeld het:
- Assessering waarin beweerde plagiaat voorgekom het:
- Datum van assessering:
- Beskrywing van beweerde plagiaat:

As voorsittende persoon, soos gedefinieer in die Ingenieursfakulteit se Plagiaatprosedures, het ek die inligting tot my beskikking oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat dit moontlik is dat jy plagiaat gepleeg het van 'n "minder ernstige" aard, soos gedefinieer in Universiteit Stellenbosch se "Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat". Verder, die Afdeling Regsdienste het nie rekord dat jy voorheen by Universiteit Stellenbosch plagiaat gepleeg het nie. Ek bied daarom aan jou die geleentheid om die aangemelde plagiaat te laat hanteer volgens die Ingenieursfakulteit se prosedure vir minder ernstige gevalle. Dit sal, onder meer, een van die volgende opsies wat vir jou gebied word, behels:

Opsie 1

1. Jy moet 'n vergadering bewoon met my en [Klaer/Ander Naam] teen [tyd] op [datum] in [plek].
2. By bogenoemde vergadering sal ek die getuienis voor ons opsom, en jy sal die geleentheid hê om jou saak te stel, vrae te vra, inligting/bewyse ter verdediging voor te lê, en vrae te stel of punte te lig oor enige inligting wat deur enige getuie gegee is. Daarna sal jy die vergadering moet verlaat.
3. Ek en [Klaer/Ander Naam] sal dan die getuienis en jou insette oorweeg.
4. Indien ons vind dat jy plagiaat van 'n meer ernstige aard gepleeg het, sal die geval volgens die Ingenieursfakulteit se prosedures vir sulke gevalle

hanteer word, wat insluit dat dit verwys sal word na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK).

5. Indien ons bevind dat jy plagiaat van 'n minder ernstige aard gepleeg het, sal ons die gevolge vir jou finaliseer. Die gevolge is voorlopig:
 - 5.1 Jy word 'n punt van nul toegeken vir die bogenoemde assessering, sonder die geleentheid om hierdie punt te verbeter;
 - 5.2 Jy moet 'n 500 woord opstel skryf oor hoekom wat jy gedoen het as plagiaat beskou word, wat jy moes gedoen het om te voorkom dat jy plagiaat pleeg en waarom plagiaat 'n ernstige oortreding is. Hierdie opstel moet by die voorsittende persoon ingedien word binne een week van jou aanvaarding van die bevindings van die vergadering; en
 - 5.3 Hierdie geval van plagiaat sal aan die Afdeling Regsdienste gerapporteer word en die rapport sal in aanmerking geneem word in enige verdere gevalle waar gevind word dat jy meegedoen het aan plagiaat.
6. Jy sal 'n brief ontvang waarin die gevolge vir jou hierbo genoem, uiteengesit word. Jy moet die brief onderteken, as bevestiging dat jy die bevindings aanvaar, en aan die voorsittende persoon terugstuur binne 5 werksdae nadat jy die brief ontvang het. Indien jy in gebreke bly om van hierdie geleentheid gebruik te maak, sal hierdie geval na die SDK verwys word.

Opsie 2

Jy kan die voorsittende persoon, skriftelik (bv per e-pos) voor bogenoemde vergadering, in kennis stel dat jy erken dat jy plagiaat gepleeg het, soos hierbo gerapporteer, dat jy die voorlopige gevolge hierbo aanvaar, en dat jy die geleentheid om die vergadering by te woon van die hand wys.

Let asseblief daarop dat indien jy ter enige tyd verkies dat die geval na die SDK verwys word, deur 'n regsverteenvoerder bygestaan word of nie bogenoemde vergadering bywoon nie, die geval volgens die Ingenieursfakulteit se prosedure vir meer ernstige gevalle hanteer sal word.

Let asseblief ook daarop dat in alle gevalle jy die reg het om advies of ondersteuning van enigiemand van jou keuse in te win.

Bevestig asb per kerende e-pos dat jy ontvangs van hierdie e-pos erken en of jy gewillig is om bogenoemde prosedure te volg, of eerder verkies dat hierdie saak na die SDK verwys word.

Die uwe

???

Voorsittende persoon

B.2 Saam met 'n aangehegte voltooide aanmeldingsvorm aan te heg

Datum

Beste student

Jy word verdink van plagiaat in [modulenaam]. Die aangehegte voorlopige aanmeldingsvorms sit die besonderhede van die saak uiteen.

As voorsittende persoon, soos gedefinieer in die Ingenieursfakulteit se Plagiaatprosedures, het ek die inligting tot my beskikking oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat dit moontlik is dat jy plagiaat gepleeg het van 'n "minder ernstige" aard, soos gedefinieer in Universiteit Stellenbosch se "Prosedure vir die ondersoek en bestuur van bewerings van plagiaat". Verder, die Afdeling Regsdienste het nie rekord dat jy voorheen by Universiteit Stellenbosch plagiaat gepleeg het nie. Ek bied daarom aan jou die geleentheid om die aangemelde plagiaat te laat hanteer volgens die Ingenieursfakulteit se prosedure vir minder ernstige gevalle. Dit sal, onder meer, een van die volgende opsies wat vir jou gebied word, behels:

Opsie 1

1. Jy moet 'n vergadering bewoon met my en [Klaer/Ander Naam] teen [tyd] op [datum] in [plek].
2. By bogenoemde vergadering sal ek die getuienis voor ons opsom, en jy sal die geleentheid hê om jou saak te stel, vrae te vra, inligting/bewyse ter verdediging voor te lê, en vrae te stel of punte te lig oor enige inligting wat deur enige getuie gegee is. Daarna sal jy die vergadering moet verlaat.
3. Ek en [Klaer/Ander Naam] sal dan die getuienis en jou insette oorweeg.
4. Indien ons vind dat jy plagiaat van 'n meer ernstige aard gepleeg het, sal die geval volgens die Ingenieursfakulteit se prosedures vir sulke gevalle hanteer word, wat insluit dat dit verwys sal word na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK).
5. Indien ons bevind dat jy plagiaat van 'n minder ernstige aard gepleeg het, sal ons die gevolge vir jou finaliseer. Die gevolge is voorlopig soos uiteengesit in die aanmeldingsvorm.
6. Jy sal 'n kopie van die aanmeldingsvorm ontvang waarin die gevolge vir jou hierbo genoem, uiteengesit word. Jy moet die aanmeldingsvorm onderteken, as bevestiging dat jy die bevindings aanvaar, en aan die voorsittende persoon terugstuur binne 5 werksdae nadat jy die vorm ontvang het. Indien jy in gebreke bly om van hierdie geleentheid gebruik te maak, sal hierdie geval na die SDK verwys word.

Opsie 2

Jy kan die voorsittende persoon, skriftelik (bv per e-pos) voor bogenoemde vergadering, in kennis stel dat jy erken dat jy plagiaat gepleeg het, soos hierbo gerapporteer, dat jy die voorlopige gevolge hierbo aanvaar, en dat

jy die geleentheid om die vergadering by te woon van die hand wys. Jy moet terselfdertyd die aanmeldingsvorm met jou handtekening indien.

Let asseblief daarop dat indien jy ter enige tyd verkies dat die geval na die SDK verwys word, deur 'n regsverteenvoerder bygestaan word of nie bogenoemde vergadering bywoon nie, die geval volgens die Ingenieursfakulteit se prosedure vir meer ernstige gevalle hanteer sal word.

Let asseblief daarop dat in alle gevalle jy die reg het om advies of ondersteuning van enigiemand van jou keuse in te win.

Bevestig asb per kerende e-pos dat jy ontvangs van hierdie e-pos erken en of jy gewillig is om bogenoemde prosedure te volg, of eerder verkies dat hierdie saak na die SDK verwys word.

Die uwe

???

Voorsittende persoon

Bylae C: Templaat vir verslag aan Regsdienste



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

AANMELDINGSVORM: AKADEMIESE WANGEDRAG

Naam en Van:

Studentenommer:

Module:

A: Tipe wangedrag waarvan verdink word:

A1: '**Akademiese Aangeleentheid**' Akademiese Wangedrag wat voortspruit uit nalatigheid of wat geringer van aard is, en wat deur die betrokke Departement hanteer mag word

A2: '**Akademiese Wangedrag**' 'die skending van akademiese integriteit. Dit sluit in, maar is geensins beperk tot die volgende nie:

a. **Plagiaat**, is die gebruik van ander se idees of materiaal sonder om erkenning te gee, of die hergebruik van 'n mens se eie, voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal, sonder erkenning daarvan (selfplagiaat of teksherwinning). In hierdie definisie beteken erkenning om te verwys na die bron of voorheen uitgedrukte idees, of gepubliseerde materiaal, en die besonderhede van die publikasie en selfplagiaat of teksherwinning sal die hergebruik van 'n mens se eie, voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal wees, sonder erkenning of aanduiding daarvan.

b. **Samespanning**, is die samewerking tussen Studente waar akademiese werk bedrieglik as 'n individuele poging vir assessering aangebied word deur een of meer van die betrokke Studente.

c. **Kullery** in eksamens en assesserings, byvoorbeeld wanneer Studente afskryf, of toelaat dat hulle werk afgeskryf word, hulp gee of versoek van 'n ander Student sonder toestemming, verwys na ongemagtigde notas, boeke, elektroniese toestelle of ander verwysingsmateriaal, of deelneem in die assessering terwyl voorgegee word om 'n ander Student te wees, of toelaat dat ander Studente hul personeer.

d. **Verdigsel** of versinsel van navorsing, data, bewyse, bywoning van lesings of voorleggings, of die skep van enige ander wanvoorstelling rakende wetenskaplike of akademiese werk.

E: Pas faktore (geïdentifiseer in D) op feite (soos uiteengesit in C) toe om 'n gevolgtrekking / uitkoms te bereik en verskaf kort verduideliking om die gevolgtrekking / uitkoms te pas:

(Merk met X)

E1: Geen aksie sal geneem word nie - die inligting wat ter sprake is, sal indien nodig ingedien word vir toekomstige verwysing	
E2: Akademiese wangedrag word redelik vermoed - Hanteer Departementeel volgens hierdie vorm	
E3: Die saak word as 'n dissiplinêre aangeleentheid deur die SDK behandel - Verwys	

F: Ten opsigte van 'n akademiese saak soos gelys in E2, maak die Departementshoof die volgende aanbeveling aan die dosent verantwoordelik vir die module:

Departementshoof

Handtekening

Datum

Dosent

Handtekening

Datum

Hiermee aanvaar ek,, met studentenommer, die gevolgtrekking, uitkoms en aanbeveling in Afdelings E en F.

Handtekening

Datum